

Saterdag 19 Maart

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-11, 19 – 5:1

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1

Reageer op die gawe van kindskap met liefde

'n Mens kan drie keer in 'n gesin gebore word – in 'n gesin op aarde, in die gesin van die duiwel (vgl. Joh. 8:44) en in die gesin van God.

Die Joodse leiers wat Jesus skerp oor die kole gehaal het, het die duiwel as hulle pa gehad. Ongelukkig is dit 'n wrede pa wat niks vir sy kinders omgee nie. Hy verwaarloos almal oor wie hy baasspeel, maak hulle slawe om sy vuil werk van verwoesting te doen, en blaas haat aan onder sy gesinslede so ver hy kan. Sy doel is om sy navolgers se ondergang te bewerk.

Danksy God se ingrype maak Hy almal wat glo, weer kinders van Hom. Hy laat ons deur sy Gees weergebore word. Ons is nou aangenome kinders wat deur sy liefde oorlaai word. Ons word kinders wat volle regte as gesinslede ontvang.

Ons word só volledig God se kinders as ons glo dat Jesus die Christus is. Ons is dan oortuig dat Hy as mens aarde toe gekom het, maar ook as God se Gesalfde. Hy is deur die Vader gestuur en volmag gegee om sy lewe in ons plek te kom aflê, en om op te staan om aan ons die ewige lewe te skenk.

Die Here verwag nou dat elkeen van ons wat in sy huisgesin opgeneem is, nie net ons Vader sal liefhê nie, maar ook ons broers en susters in die geloof. Van harte lief sal hê, met wat ons doen, sal liefhê.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2 / Lied 203:1, 3 / Lied 334:1-4

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)